

## Graad 2: Maandag, 1 Junie 2020

<b>Afrikaans</b>	
<b>Klanke: pl-</b>	Maak saamgestelde woorde en skryf dit neer, bv. bouplan, afpluk: bou + plan ; seer + plek ; plig + staat ; af + pluk ; plaas + vark ; pleeg + sorg ; plat + sak ; ge + pleit ; ploeg + land ; frons + plooi
<b>Geheuesin</b>	Hulle luister na die mooi musiek op die fluit.
<b>Lees &amp; Praat</b>	Lees die storie oor <i>Pleggie Plaasvark</i> en vertel dit dan in jou eie woorde oor vir Mamma/Pappa. (Werkvel 1)
<b>Taalwerk: Leestekens</b>	Skryf die sinne oor en maak seker dat jy die korrekte leestekens gebruik. Onthou van die hoofletters ook! (Werkvel 2)
<b>Wiskunde</b>	
<b>Tel mondelings</b>	Tel aan in 3'e van 0 – 30. Tel aan in 4'e van 0 – 40.
<b>Getalle &amp; bewerkings</b>	$R1 + R5$ ; $R5 + 50c$ ; $50c + 50c$ ; $R2.50 + R6.20$ ; $R7.50 + R5$ ; $R10 - R6$ ; $R12 - 50c$ ; $R3.50 - 50c$ ; $R6 + R7$ ; $R2 + 50c$ ; $R8 - R5$ ; $R5.10 + R3.30$ ; $R6.50 + R2$ ; $R3 - 50c$ ; $R7.50 - 50c$ ; $R4.10 + R4.50$
<b>Woordsom</b>	Mamma bak 24 koekies. Sy verdeel dit gelykop tussen 4 borde. Hoeveel <u>koekies</u> is daar op elke bord?
<b>Konsep van die dag: Breuke</b>	Ons het nou al geleer dat breuke ontstaan wanneer ons iets in gelyke dele verdeel. Toets jou kennis van breuke deur die werkvel te voltooi. (Werkvel 3)
<b>Lewensvaardigheid</b>	
<b>Motoriek: Spronge</b>	<u>As jy spring, onthou die volgende:</u> 1. Buig jou knieë. 2. Swaai jou arms. 3. Land op die bal van jou voete of land op jou tone. <u>Doen nou die volgende spronge:</u> - Spring met albei voete so hoog as wat jy kan in die lug op. - Staar op een voet, spring in die lug op en land dan op albei voete. - Staar op albei voete, spring vorentoe en land op albei voete. - Staar op een voet, spring vorentoe en land op albei voete. - Neem een tree en spring dan vorentoe. (Vat 'n aanloop voor jy spring.)

## Graad 2: Dinsdag, 2 Junie 2020

<b>Engels</b>	
<b>Phonics: p - sound</b>	Woorde op bl. 14 in Phonics-boekie. Leerders moet die <u>woorde kan skryf</u> en ook weet wat elke woord beteken. Hulle kan <u>mondelings 'n sin maak</u> met elke woord om te wys hulle ken die betekenis van die woord en dan oefen hulle sommer terselfdertyd 'n bietjie om mooi Engels te praat.
<b>Sentence</b>	Skryf die sin op bl. 14 in jou Phonics-boekie uit jou kop uit.
<b>Reading</b>	Leesstuk nommer 14 op bl. 40 van Phonics-boekie. Leerders kan hierdie leesstuk oefen totdat hulle dit vlot kan lees.
<b>Speaking &amp; Vocabulary</b>	Vertel die storie oor <i>The tortoise and the hare</i> vir Mamma/Pappa in jou eie woorde in Engels. Daar is 'n kort geskryfde storie beskikbaar wat u vooraf vir hulle kan lees, asook 'n video. U hoef nie beide te gebruik nie, dit is slegs daar as hulpmiddels. (Werkvel 4)
<b>Wiskunde</b>	
<b>Tel mondelings</b>	Tel aan in 3'e van 30 – 60. Tel aan in 4'e van 40 – 80.
<b>Getalle &amp; bewerkings</b>	- Herbenoem (bv. $34 = 30 + 4$ ): 49 ; 96 ; 27 ; 53 ; 82 - Verdubbel: 24 ; 26 ; 19 ; 38 ; 47
<b>Woordsom</b>	Daar is 17 rooi stokkielekkers. Mamma koop nog 18 bloues. Wat is die som van al die <u>stokkielekkers</u> ? (Onthou: <i>som van = plus</i> )
<b>Konsep van die dag: Getalpatrone</b>	24 22 20 _____ ; 59 61 63 _____ 61 71 81 _____ ; 114 113 112 _____ 90 80 70 _____ ; 43 48 53 _____ 65 70 75 _____ ; 92 82 72 _____
<b>Lewensvaardigheid</b>	
<b>Diere se wonings</b>	Hierdie week leer ons van diere wat hul huise met hulle saamdra. Vandag gaan kyk ons na die skilpad. (Werkvel 5) <i>Hierdie inligting kan deur die ouer gelees word en dan aan die leerder oorgedra word. Daar word nie van die leerders verwag om al hierdie inligting self te lees nie.</i>

## Graad 2: Woensdag, 3 Junie 2020

Afrikaans	
<b>Klanke: pr-</b>	Maak saamgestelde woorde en skryf dit neer, bv. badprop, prysgeld: bad + prop ; prys + geld ; pret + park ; praat + siek ; preek + stoel ; proe + glas ; nar + pruik ; pruim + pit
<b>Geheuesin</b>	Hulle luister na die mooi musiek op die fluit.
<b>Lees &amp; Begrip</b>	Lees die storie oor <i>Die pragtige motortjie</i> en beantwoord dan die vrae mondelings of skriftelik. (Werkvel 6)
<b>Taalwerk: Verlede tyd</b>	Skryf die volgende sinne oor in die verlede tyd: - Sy sit op 'n harde stoel. - Ma lê op die groot bed. - Die hond spring oor die muur.
Wiskunde	
<b>Tel hardop</b>	Tel aan in 3'e van 60 – 99.
<b>Getalle &amp; bewerkings</b>	$3 + 1 =$ ; $15 + 2 =$ ; $27 + 3 =$ ; $39 + 4 =$ ; $41 + 5 =$ ; $8 - 5 =$ ; $16 - 4 =$ $24 - 3 =$ ; $32 - 2 =$ ; $40 - 1 =$ ; $46 + 3 =$ ; $31 - 4 =$ ; $27 + 4 =$
<b>Woordsom</b>	Daar is 5 sakkies. In elke sakkie is daar 4 appels. Hoeveel <u>appels</u> is daar altesaam?
<b>Konsep van die dag: Getal 14</b>	Verlede week het ons geleer oor getal 14. Kom ons kyk wat jy nog alles oor getal 14 kan onthou. Daar is ook 'n volledige addisionele werkvel beskikbaar wat by hierdie werk aansluit. (Werkvel 7)
Lewensvaardigheid	
<b>Motoriek: Eendjieloop</b>	Ons almal weet mos 'n eendjie waggel. Jy kan nou op jou hurke loop soos 'n eend. Kyk hoe ver jy kan loop voordat jy omval.

## Graad 2: Donderdag, 4 Junie 2020

<b>Engels</b>	
<b>Phonics: r - sound</b>	Woorde op bl. 15 in Phonics-boekie. Leerders moet die <u>woorde kan skryf</u> en ook weet wat elke woord beteken. Hulle kan <u>mondelings 'n sin maak</u> met elke woord om te wys hulle weet wat dit beteken.
<b>Sentence</b>	Skryf die sin op bl. 15 in jou Phonics-boekie uit jou kop uit.
<b>Afrikaans</b>	
<b>Lees</b>	Lees die storie oor <i>Die haas en die skilpad</i> hardop. (Werkvel 8)
<b>Skeppende skryfwerk</b>	Jy het die storie gelees oor <i>Die haas en die skilpad</i> . Dalk het jy ook die video gekyk. Skryf nou die storie oor die haas en die skilpad se resies in jou eie woorde. Lekker skryf!
<b>Taalwerk: Toekomstige tyd</b>	Skryf die volgende sinne oor in die toekomstige tyd: <ul style="list-style-type: none"> <li>- Pieter skop die rooi bal.</li> <li>- Faan loop stadig skool toe.</li> <li>- Ek ry op my nuwe fiets.</li> </ul>
<b>Wiskunde</b>	
<b>Tel hardop</b>	Tel aan in 4'e van 80 – 100.
<b>Getalle &amp; bewerkings</b>	- <u>Herbenoem</u> (bv. $56 = 50 + 6$ ): 12 ; 68 ; 74 ; 50 (Herbenoem $30 = 30 + 0$ ) - <u>Halveer</u> : 64 ; 32 ; 56 ; 74 ; 98
<b>Woordsom</b>	Ouma bak 25 koeke. Mamma bak 7 koeke. Wat is die verskil tussen die aantal <u>koeke</u> wat hulle gebak het? (Onthou: <i>verskil tussen</i> = minus)
<b>Konsep van die dag: Pylnotasie +</b>	Kom ons kyk weer hoe om tweesyfergetalle bymekaar te tel deur die pylnotasiemetode: bv. $24 + 18$ $20 + 10 \rightarrow 30 + 8 \rightarrow 38 + 4 = 32$ Doen nou hierdie somme: $54 + 27$ ; $36 + 23$ ; $68 + 24$ ; $35 + 18$ ; $46 + 19$
<b>Lewensvaardigheid</b>	
<b>Diere se wonings</b>	'n Slak dra ook sy huis op sy rug. Vra vir Mamma/Pappa om te lees en vir jou te vertel wat juffrou als oor slakke geskryf het. (Werkvel 9)

## Graad 2: Vrydag, 5 Junie 2020

<b>Afrikaans</b>	
<b>Lees &amp; Begrip</b>	Lees die storie oor <i>Tannie Sarie</i> en beantwoord dan die volgende vrae mondelings: In watter straat is tannie Sarie se huis? Hoekom hou almal van haar? Wat doen sy op 'n Maandag? Hoe dra sy haar hare? Wat het sy altyd aan? Wat doen sy elke dag? Waar hang sy haar wasgoed? Wanneer gaan tannie Sarie kerk toe? (Werkvel 10)
<b>Taalwerk: Teenwoordige tyd</b>	Skryf die volgende sinne oor in die teenwoordige tyd: <ul style="list-style-type: none"> <li>- Die kat het die muis gevang.</li> <li>- Jabu sal die groot koek eet.</li> <li>- Ouma het 'n warm trui gebrei.</li> </ul>
<b>Klanketoets</b>	Vra vir Mamma/Pappa om vir jou 10 saamgestelde woorde te vra uit die woorde wat ons hierdie week geleer het. Kyk of jy hulle almal reg kan skryf. Moenie van die geheuesin vergeet nie!
<b>Geheuesin</b>	Hulle luister na die mooi musiek op die fluit. (Maak deel van klanketoets.)
<b>Engels</b>	
<b>Phonics test</b>	Gebruik die werkvel om hierdie week se werk te toets. (Werkvel 11)
<b>Wiskunde</b>	
<b>Tel mondelings</b>	Tel aan in 3'e van 60 – 99. Tel aan in 4'e van 80 – 100.
<b>Getalle &amp; bewerkings</b>	Indien nodig, maak van hierdie geleentheid gebruik om aandag te gee aan 'n konsep waarmee u kind hierdie week gesukkel het.
<b>Tangramme</b>	Bou die volgende prentjies met jou tangram: 6 ; 12 ; 25
<b>Woordsomme</b>	- 74 ballonne word opgeblaas en in die lug op gegooi. Die helfte bars. Hoeveel ballonne sweef in die lug? - Daar is 38 roomyse. Verdubbel die aantal roomyse.
<b>Konsep van die dag: Tiene &amp; ene</b>	$40 + 30 + 10 =$ ; $30 + 3 =$ ; $22 - 2 =$ ; $25 - 20 =$ ; $50 + \_\_\_ + 30 = 100$ ; $80 + 5 =$ ; $54 - 4 =$ ; $66 - 60 =$ ; $60 - 30 - 20 =$ ; $60 + 7 =$ ; $98 - 8 =$ ; $87 - 80 =$ ; $90 - 40 - \_\_\_ = 40$ ; $40 + 9 =$ ; $71 - 1 =$ ; $33 - 30 =$
<b>Lewensvaardigheid</b>	
<b>Motoriek: Sterspronge</b>	Kyk hoeveel sterspronge kan jy in 'n minuut doen. Onthou om lekker laag af te buk en dan hoog in die lug op te spring.

# SKAKELS NA YOUTUBE VIDEO'S

## Afrikaans

Die haas en die skilpad:	<a href="https://youtu.be/LPZt9FL6k8c">https://youtu.be/LPZt9FL6k8c</a>
Toekomende tyd:	<a href="https://youtu.be/aMRPOXY8HBE">https://youtu.be/aMRPOXY8HBE</a>
Verlede tyd:	<a href="https://youtu.be/fXVz6_JGZHQ">https://youtu.be/fXVz6_JGZHQ</a>
Teenwoordige tyd:	<a href="https://youtu.be/Wu3QzWmv174">https://youtu.be/Wu3QzWmv174</a>
Leestekens:	<a href="https://youtu.be/Oz7iS9Kg-Po">https://youtu.be/Oz7iS9Kg-Po</a>

## Wiskunde

Tel in 3:	<a href="https://m.youtube.com/watch?v=Um5GsrtA2nc&amp;feature=youtu.be">https://m.youtube.com/watch?v=Um5GsrtA2nc&amp;feature=youtu.be</a>
Tel in 4:	<a href="https://youtu.be/pkclJn5HrMI">https://youtu.be/pkclJn5HrMI</a>
Geldsomme:	<a href="https://youtu.be/HwJE0XUkBYy">https://youtu.be/HwJE0XUkBYy</a>
Tangramme (verrykend):	<a href="https://youtu.be/xbh1gkr0-Qc">https://youtu.be/xbh1gkr0-Qc</a>
Wiskunde woordeskat:	<a href="https://youtu.be/CpGQFleQ2Zo">https://youtu.be/CpGQFleQ2Zo</a>

## Engels

The tortoise and the hare:	<a href="https://youtu.be/gfbSldwLOFE">https://youtu.be/gfbSldwLOFE</a>
The p – sound:	<a href="https://youtu.be/Ma7ntsksyP8">https://youtu.be/Ma7ntsksyP8</a>
Letterland p – song:	<a href="https://youtu.be/cuAraEZFaEM">https://youtu.be/cuAraEZFaEM</a>
The r – sound:	<a href="https://youtu.be/o80Vb2d-ZxM">https://youtu.be/o80Vb2d-ZxM</a>
Letterland r – song:	<a href="https://youtu.be/6it9EqiCbko">https://youtu.be/6it9EqiCbko</a>

## Lewensvaardigheid

Skilpaaie:	<a href="https://youtu.be/YIToBw7SsOE">https://youtu.be/YIToBw7SsOE</a>
Slakke:	<a href="https://youtu.be/pLCtVGB1mFw">https://youtu.be/pLCtVGB1mFw</a>

## Motoriek

Sterspronge:	<a href="https://youtu.be/5DQRGxPBgSs">https://youtu.be/5DQRGxPBgSs</a>
Eendjeloop:	<a href="https://youtu.be/MN7KLLY2IP8">https://youtu.be/MN7KLLY2IP8</a>
Verskillende spronge:	<a href="https://youtu.be/rlbzgyfFeaU">https://youtu.be/rlbzgyfFeaU</a>

## Werkvel 1: Pleggie Plaasvark

Eendag was daar 'n plaasvark wat op boer Koos se plaas gebly het. Hy was lief daarvoor om op 'n sekere plek plat op sy rug te lê. Daardie plek was 'n groot plas modder. Gewoonlik het hy in die plas gelê en kyk hoe Koos sy mielielande ploeg. Terwyl hy nog eendag so in die plas lê, sien hy 'n verskriklike ding. Daar tussen die plaat doringbome het 'n plaag muis aangekom. Pleggie het hom yskoud geskrik, want hy het besef dat die muis die hele mielieland gaan vernietig en dan pleeg hulle 'n verskriklike sonde.

Pleggie sit regop in sy poel en trek sy gesig op 'n plooi soos hy dink. Hy beraam vinnig 'n plan. Hy hardloop eers na Koos toe, want hy besef dat dit sy plig is om vir Koos van die muis te vertel. Hy plak hom langs Koos neer en pleit by hom om te luister, maar Koos ploeg net verder. Pleggie hardloop toe maar tot by Karel Kraai en sy maats. Toe hulle sy storie hoor, het hulle dadelik na die plaat doringbome gevlieg en al die muis gevang.

Boer Koos was so bly dat Pleggie sy mielieland beskerm het, dat hy vir hom 'n pragtige medalje gegee het.

## Werkvel 2: Leestekens

pasop vir die slang

hoe oud is jy

ek hou van appels duiwe en lemoene

jannie is soet maar pietie is stout


sy gaan dinsdag by anna kuier

## Werkvel 3: Breuke






Pas bymekaar.

een halwe  $\frac{1}{2}$  een kwart  $\frac{1}{4}$   
 een derde  $\frac{1}{3}$  een vyfde  $\frac{1}{5}$







Kleur die aangeduide breukdeel in.

een halwe  een kwart  een derde 




Dui aan met 'n ✓ of 'n ✗ watter vorms/figure is in gelyke dele verdeel.

Kleur die aangeduide breukdeel in.

 $\frac{3}{5}$	 $\frac{2}{3}$	 $\frac{3}{4}$
 $\frac{1}{3}$	 $\frac{2}{4}$	 $\frac{1}{2}$

Watter breukdeel is ingekleur?

		
---	---	---

## Werkvel 4: The tortoise and the hare

There once was a speedy hare who bragged about how fast he could run. Tired of hearing him boast, Slow-and-Steady, the tortoise, challenged him to a race. All the animals in the forest gathered to watch.

Hare ran down the road for a while and then paused to rest. He looked back at Slow-and-Steady and cried out: "How do you expect to win this race when you are walking along at your slow, slow pace?"

Hare stretched himself out alongside the road and fell asleep, thinking: "There is plenty of time to relax."

Slow-and-Steady walked and walked. He never, ever stopped until he came to the finish line. The animals who were watching, cheered so loudly for Tortoise, they woke up Hare. Hare stretched and yawned and began to run again, but it was too late. Tortoise was over the line.

After that, Hare always reminded himself: "Don't brag about your lightning pace, for Slow-and-Steady won the race."



## Werkvel 5: Skilpaaie

Die skilpad is 'n reptiel met vier skubberige pote en 'n gerimpelde nek en kop. Soos ander reptiele is skilpaaie koudbloedig. Hulle hou gevolglik van plekke waar dit die grootste deel van die jaar warm is.

Skilpaaie lê elke oggend in die son sodat hul liggame kan warm word en behoorlik kan funksioneer. Dié wat op plekke met 'n koue klimaat voorkom, hiberneer in die winter. Hulle grawe in die grond in of skuil onder plante en bly in hierdie soort slaaptoestand totdat die lente kom.

Die meeste skilpaaie vreet slegs plante, hoewel party ook slakke, naakslakke, wurms, duisendpote en insekte verorber. Hulle het nie tande nie, maar horingagtige bekke met skerp kante om blare af te skeur of stukke vleis fyn te sny. Die kos word ingesluk sonder dat hulle dit kou.

Die dop waarvoor die skilpad so beroemd is, beskerm die dier. Wanneer hy in sy dop kruip, is die kop, pote en stert gewoonlik veilig buite bereik van 'n vyand. 'n Skilpad word nooit groter as sy dop nie, omdat die dop saam met hom groei.

Skilpaaie teel aan deur eiers te lê, wat hulle dan in gate in die grond begrawe. Die babaskilpad het 'n skerp uitgroeiisel, wat die eiertand genoem word, waarmee hy sy pad uit sy dop-gevangenissie oopkerf.

Waar woon skilpaaie? Die waterskilpad leef in die see. Die moerasskilpad leef in varswater in die vleilande. Die landskilpad leef op land.

## Werkvel 6: Die pragtige motortjie

Eendag terwyl ek 'n entjie gaan stap, hoor ek 'n snaakse geluid. Dit klink mos gans te baie na een van daardie outydse motors. Ek draai om en sien die mooiste ou blink motortjie. Dit is 'n pragstuk! Net wat 'n prins nodig het om mee te pronk. Ai tog, die motortjie gee net een proes en gaan staan!

Die bestuurder was 'n ou tannie. Sjoë, die tannie kon baie praat. Sy het my omtrent nooit 'n kans gegee om iets te sê nie. Sy vra my toe om haar te help om die motortjie weer aan die brand te stoot. Dit was moeilik, maar dit was ook groot pret om te sien hoe die ou tannie die motortjie stoot. Die tannie het later so hard gestoot dat haar pruik skoon skeef op haar kop gesit het. Ek het lekker gelag vir hierdie prentjie, maar toe preek ek eers vir myself dat 'n mens nie vir ouer mense mag lag nie. Na 'n rukkie het ons gerus en toe skink sy vir ons tee uit haar warmfles. Sy gee vir my 'n koekie en 'n pruim – ek het sommer dadelik gesien dit gaan heerlik wees.

Daar naby het 'n plaashuis gestaan en ek het besluit om die boer om hulp te gaan vra. Die tannie was so bly en het my geprys oor my slim plan. Die boer het net 'n prop vervang en toe kon die tannie weer verder ry. Sy nooi my toe om saam met haar te ry. Presies net wat ek wou hê!

1. Wat het ek gehoor toe ek gaan stap het?
2. Wie het die motor bestuur?
3. Hoekom kon ek amper nooit 'n kans kry om iets te sê nie?
4. Wat het met die tannie se pruik gebeur toe sy die motor gestoot het?
5. Wat het die tannie vir my gegee om te eet en te drink?
6. Waarheen het ons gegaan om hulp te kry?
7. Hoe het die boer die motor reggemaak?
8. Het die storie 'n gelukkige einde? Hoekom sê jy so?

## Werkvel 7: Getal 14

$9 + \quad = 14$	$14 - \quad = 6$	$5 + 6 + \quad = 14$
$14 - \quad = 1$	$7 + \quad + 3 = 14$	$8 + \quad = 14$
$6 + 2 + 6 =$	$\quad + 6 = 14$	$14 - \quad = 0$
$\quad + 13 = 14$	$14 - 7 =$	$14 - 4 - \quad = 3$
$14 - 10 =$	$14 - \quad - 6 = 6$	$\quad + 10 = 14$
$14 - 4 - 7 =$	$\quad + 2 = 14$	$14 - 13 =$
$11 + \quad = 14$	$14 - 3 =$	$\quad + 2 + 2 = 14$

## Werkvel 8: Die haas en die skilpad


Baie lank gelede het 'n haas en 'n skilpad saam in 'n groen woud gewoon. Die bruin skilpad het baie stadig geloop en die haas het altyd vir hom gelag. Eendag het die haas vir die skilpad gesê: "Kom ons hou 'n resies." Die skilpad het ingestem en die haas het baie hard gelag. Al die ander diere het kom kyk wie die resies gaan wen.

Die haas het baie vinnig gehardloop en hy was gou ver voor die skilpad. Hy het teruggekyk, maar kon glad nie die skilpad sien nie omdat hy so ver agter was.


"Die skilpad is baie ver agter," het die haas vir homself gesê. "Dit gaan nog lank duur voor hy hier uitkom. Ek gaan nou eers onder die boom rus. As ek die skilpad sien aankom, sal ek vinnig hardloop en die resies wen." Die haas het toe gaan lê, maar hy het vas aan die slaap geraak.

In sy slaap hoor die haas hoe die diere juig en skreeu, maar hy het gedink hy droom. Toe hy wakker skrik, sien hy dat skilpad al amper by die wenstreep is.

Die haas het opgespring en so vinnig soos die wind gehardloop, maar dit was te laat. Toe die haas weer opkyk, sien hy hoe die skilpad stadig oor die wenstreep loop.



## Werkvel 9: Slakke



Die opvallendste kenmerk van 'n tipiese tuinslak is sy spiraalskulp en gespierde voet. Binne-in die skulp is die viserale boggel, wat baie van die organe bevat. Die liggaam begin by die kop, met sy twee paar intrekbare tentakels (voelhorings). Die langste paar bevat gewoonlik die oë. Onder die tentakels is die mond, met daarbinne 'n vyl-agtige tong, die radula, wat plantmateriaal opskeur. Die groot gespierde voet word gebruik om te beweeg. Die voet kan uit die skulp reik en weer daarin terugtrek. Daar is 'n klier aan die voet wat 'n gladmakende slym afskei.

Die meeste slakke word in klam, vogtige, beskutte gebiede aangetref waar daar volop humus (kompos) is. Hulle maak hulle tuis in gras, boomstompe, onder klippe, op moerasagtige plekke, mos, sandduine en in woud-afval. Party woon in ondergrondse holtes.









Die meeste mense dink 'n slak beweeg so stadig omdat hy sy dop op sy rug moet dra. Dis nie waar nie! Die langsame beweging word deur die struktuur van die voet bepaal. Dit lyk of die slak met sy lyf kruip, maar hy beweeg eintlik op sy voet. Spiere binne-in die voet beweeg met 'n golfbeweging en stoot die liggaam vorentoe.

Daar is 'n groot groep varswaterslakke in die damme, waterpoele, strome en riviere van die tropiese en gematigde streke. Net soos die landslakke haal die meeste van hulle met longe asem. Hulle moet van tyd tot tyd bo die water uitkom om die lug te kry wat hulle nodig het. Dan hoef hulle nie weer voor verskeie ure te kom asem skep nie.

## Werkvel 10: Tannie Sarie

Tannie Sarie bly in Boomstraat. Sy is baie gaaf en daarom hou almal van haar. Sy bak elke Saterdag koekies. As ons by haar gaan kuier, gee sy vir ons daarvan. Tannie Sarie dra haar hare in 'n bolla en het altyd 'n voorskoot aan. Sy vee elke dag haar huisie mooi skoon en op 'n Maandag was sy die wasgoed en hang dit aan die wasgoedlyn. Sy gaan elke Sondag kerk toe.

## Werkvel 11: Phonics test (p and r)

1. The  lives on the farm.
2. I sit on the  of my house.
3. Mom cooks food in the .
4. My aunt wears a  on her finger.
5. My teacher writes with a .
6. The  is under the chair.
7. Dad bakes eggs in a .
8. We use a  to fix our clothes.
9. Write the sentence on page 14 in your phonics book.
10. Write the sentence on page 15 in your phonics book.

*(By no. 9 & 10 kan u vir die leerders die sin sê en hulle skryf dit neer.)*

## ADDISIONELE WERKVEL

### 1. Maats van 14 (plus)

$5 + \quad = 14$	$\quad + 12 = 14$	$11 + \quad = 14$	$\quad + 9 = 14$
$\quad + 1 = 14$	$6 + \quad = 14$	$\quad + 0 = 14$	$14 + \quad = 14$
$3 + \quad = 14$	$\quad + 4 = 14$	$2 + \quad = 14$	$\quad + 13 = 14$
$\quad + 8 = 14$	$7 + \quad = 14$	$\quad + 10 = 14$	$8 + \quad = 14$

### 2. Maats van 14 (minus)

$14 - \quad = 13$	$14 - 11 = \quad$	$14 - \quad = 9$	$14 - 6 = \quad$
$14 - 4 = \quad$	$14 - \quad = 14$	$14 - 12 = \quad$	$14 - \quad = 10$
$14 - \quad = 8$	$14 - 1 = \quad$	$14 - \quad = 5$	$14 - 0 = \quad$
$14 - 7 = \quad$	$14 - \quad = 3$	$14 - 2 = \quad$	$14 - \quad = 11$

### 3. Treintjiesomme

$6 + 2 + \quad = 14$	$14 - 4 - \quad = 7$	$\quad + 4 + 3 = 14$
$8 + \quad + 3 = 14$	$14 - 8 - 2 = \quad$	$14 - 3 - 6 = \quad$
$5 + 3 + \quad = 14$	$14 - \quad - 2 = 6$	$1 + \quad + 0 = 14$
$\quad + 1 + 1 = 14$	$14 - 5 - \quad = 2$	$\quad - 3 - 0 = 11$

### 4. Getal 14







Halveer 14 →	Verdubbel 14 →
Is 14 'n ewe of onewe getal?	Hoeveel tiene en ene is in 14?
Wat kom voor 14?	Wat kom na 14?
Verdeel 14 lekkers tussen 3 maats. Hoeveel <u>lekkers</u> kry elkeen en hoeveel <u>bly oor</u> ?	Verdeel 14 lekkers tussen 5 maats. Hoeveel <u>lekkers</u> kry elkeen en hoeveel <u>bly oor</u> ?

## ADDISIONELE WERKVEL

### 5. Getalpatrone

12	14	---	---	---	---	---	---	---	---
3	5	---	---	---	13	---	---	---	---
2	12	22	---	---	---	---	---	82	---
---	---	---	10	---	---	16	18	---	22
32	31	---	---	---	---	---	---	---	---
---	---	30	40	---	---	---	80	---	---
97	87	---	---	---	47	---	---	17	---
---	10	15	---	---	---	35	---	---	---
3	6	---	---	15	---	---	---	---	---

### 6. 2D – vorms en 3D – voorwerpe: Posisie in die ruimte

 kubus	 silinder	 pyl
 driehoek	 reghoek	 ovaal

Watter vorm is onder die silinder? Watter vorm is bokant die ovaal? Watter vorm is links van die pyl? Watter vorm is regs van die kubus? Watter vorm is tussen die driehoek en die ovaal?  
*(Vra gerus nog vrae rakende die tabel om u kind se begrip te toets.)*

## ADDISIONELE WERKVEL

### 7. Pylnotasie plus

$34 + 18$

$30 + 10 \rightarrow 40 + 8 \rightarrow 48 + 4 = 52$

$45 + 18$

$26 + 62$

$31 + 19$

$27 + 56$

$24 + 15$

$38 + 77$

$24 + 69$

$55 + 13$

### 8. Skeppende skryfwerk: Die klein muisie

Maatjie, ek het so lekker gelag toe ek hierdie prentjie sien. Wat dink jy het hier gebeur? Skryf jou eie storie oor die klein muisie se avontuur.






## ADDISIONELE WERKVEL

### 9. Taalwerk

Ek sien 'n slak in ouma Sarie se tuin.  
Die slak vreet aan die blomme se blare.  
Hy beweeg stadig van die een blaar na die ander.



- 9.1 Skryf die sin in die **verlede tyd**: Die slak vreet aan die blaar.
- 9.2 Skryf die sin in die **toekomende tyd**: Ek sien 'n slak in die tuin.
- 9.3 Skryf die sin in die **teenwoordige tyd**: Die slak sal op die geel blom sit.
- 9.4 Skryf 3 **werkwoorde** (doenwoorde) uit die leesstuk neer.

9.5 Vul die regte **voorsetsels** in:

9.5.1 Die slak is \_\_\_\_\_ die blom.

9.5.2 Hy vreet \_\_\_\_\_ die blom se blare.

9.5.3 Hy beweeg stadig van een blom \_\_\_\_\_ die ander.

na

op

aan

9.6 Breek die woorde op in **lettergrepe**:

blomme	
stadig	

9.7 Skryf die sinne oor en gebruik die regte **leestekens**:

9.7.1 ouma sarie gaan baie kwaad wees

9.7.2 jy moenie die blare blomme en plante vreet nie

9.7.3 waar is die slak